Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

ECONOMIC AND MANAGEMENT SCIENCES
EYENZULULWAZI NGOQOQOSHO NOLAWULO
EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

# EBW-transformasiehandves

**01**

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, 'n strategiese onderwyskomponent van die Universiteit Stellenbosch (US), is onvoorwaardelik daartoe verbind om **die onreg van die verlede reg te stel.**

**02**

Hierdie handves berus op die beginsels van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ondersteun die US se **transformasiedoelwitte** soos wat Visie 2040 dit beskryf.

**03**

Ons beloof, sowel individueel as gesamentlik, om **sistemiese en individuele diskriminasie** op grond van ras, geslag, genderidentiteit, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, taal, kultuur, sosio-ekonomiese status of hiërargie **uit te skakel.**

**Ons word gerig deur die beginsel van onderlinge respek en die waardes van verantwoordbaarheid, deernis, gelykwaardigheid, gelykheid, regstelling en sosiale geregtigheid.**

**Deernis:** erkenning van en besorgdheid oor die welwees van ál ons studente en personeel (US Transformasieplan)

**Gelykheid:** die "volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede wat in die Grondwet beoog word" (Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie), wat in 'n ongelyke samelewing slegs deur billikheid bereik kan word

**Verantwoordbaarheid:** aanvaarding van die hoogste vlak van verantwoordelikheid vir ons optrede (US Transformasieplan)

**Regstelling:** om sake reg te stel (te herstel), om te vergoed vir iets (iets in die plek daarvan te gee) (US Beleid oor Visuele Regstelling)

**Gelykwaardigheid:** restitusie ten opsigte van ons erfenis uit die verlede, en billikheid in ons strewes (US Transformasieplan)

**Sosiale geregtigheid:** die gelyke genieting van alle regte en vryhede ongeag menslike diversiteit, wat weerspieël word in die billike en regverdige verdeling van alle geleenthede, voordele, voorregte en laste in 'n samelewing of groep (Sentrum vir Sosiale Geregtigheid, US)

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

ECONOMIC AND MANAGEMENT SCIENCES
EYENZULULWAZI NGOQOQOSHO NOLAWULO
EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

# EBW-transformasiehandves

Ons streef daarna om **'n transformasie-etos te koester en te ondersteun** wat ons diversiteit aanvaar en vier en ons waardes in en deur ons dienslewering, bestuur, onderrig, leer, navorsing en sosiale impak weerspieël.

Ons gaan voort om die hulpbronne tot ons beskikking te benut én bykomende steun en finansies te bekom om ál ons **omgewings inklusief en verwelkomend te maak.**

Ons begryp dat dít is hoe ons **nuwe standaarde van uitnemendheid vir Afrika en die res van die wêreld stel.**

**Ons visie, missie en doelwitte** word in aksie omgeskakel deur die groei, ontwikkeling en welwees van die Fakulteitsgemeenskap en eksterne belanghebbendes. Ons is verbind tot 'n inklusiewe, samewerkende en kollegiale werksomgewing waar langdurige verhoudings gekoester, gehandhaaf en ondersteun kan en sal word.

Ons begryp dat dit is hoe ons die mees bevorderlike omgewing skep vir almal om hulle uitnemendste werk te lewer. Ons begryp voorts dat **insluiting nie assimilasie is nie.**

**01** Die Fakulteit ondersteun 'n lewenskragtige intellektuele omgewing sowel as robuuste gemeenskapskakeling wat **mense van oor die hele wêreld lok en met mekaar verbind**. Ons streef na die **bevordering van navorsing, kennisskepping, onderrig, kurrikulumontwikkeling en akademieskap** wat vir Afrika nuttig en relevant is.

**02** Ons onderneem om **gelykwaardigheid in ons personeel- en studentewerwing** te bevorder ten einde **toekomstige leiers te koester.**

Ons is verbind tot **verantwoordbare en deursigtige** werwing en bevordering.

**03** Ons verbind ons leierskap, bestuur, administrasie en opvoeders daartoe om in **mentorskap, opleiding en ontwikkeling** vir vroue, individue met gestremdhede, administratiewe personeellede, ontluikende navorsers en akademielede te belê **ten einde regstelling, gelykwaardigheid en gelykheid te bevorder.**

**04** Om die **suksesvolle integrasie** van hierdie handves met die Fakulteit se praktyke te verseker, **sal omgewings transformasieverwante aktiwiteite beplan en daaroor verslag doen**. Die Dekaan en ander leiers van die Fakulteit sowel as die transformasiekomitee en studenteverteenwoordigers sal sodanige planne en verslae deurlopend moniteer en evalueer.

**05** Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sal 'n toegewyde en deurdagte benadering volg en genoeg hulpbronne beskikbaar stel om voortdurend 'n inklusiewe en gelyke samelewing te bevorder sodat almal by die US trots kan sê: **"Dit is my tuiste. Ek hoort hier!"**